Die semiotiese analise van liefde in Afrikaanse en Nederlandse romantiese ontspanningsfiksie - Ilse de Korte en Martina Vitackova

Alhoewel Afrikaans en Nederlands talig na aan mekaar is, word daar so dikwels beweer dat daar nie in Afrikaans oor seks geskryf kan word nie, asof die woordeskat in Afrikaans nie bestaan nie. Tog is daar vele bundels wat handel oor die erotiek in Afrikaans, die Afrikaanse vertaling van die Kamasutra (Afrikamasutra) en Lapa-uitgewers het onlangs ’n hele druknaam geskep vir boeke wat meer riskant is.

Deur die gebruik van Marcel Denesi se boek, *The semiotics of love* (2018), as basis, ondersoek ons in hierdie referaat die narratiewe struktuur van liefde in Nederlandse en Afrikaanse romantiese ontspanningsfiksie. Hoe word die storie/verhouding/liefde/seks gestruktureer in Nederlandse romans, teenoor Afrikaanse romans.

Danesi ondersoek in sy werk die kulturele konstruksie van liefde in verskillende kulturele kontekste. Deur ’n krities-vergelykende teksanalise van Nederlandse en Afrikaanse romantiese ontspanningsfiksie, gaan daar gekyk word na tekenstrukture, met ander woorde die woorde en simbole wat gebruik word. Daar sal gekyk word na rituele (die huwelik, verhoudings, hofmakery en seks) en hoe nie net die hantering daarvan verskil tussen Europese fiksie (die hantering daarvan in Nederlands in Nederland en België) en Suid-Afrika (in Afrikaans) nie, maar ook die woordeskat en woordgebruik rondom die seksuele.

Die ondersoekvraag is dus: is daar wesenlike verskille in hoe die tema van liefde hanteer word in Nederlands teenoor Afrikaans? Die persepsie is dat die Europese samelewing baie meer tolerant en vrydenkend is, teenoor die Calvinistiese en redelik eng samelewing in Suid-Afrika. Tog is daar ook uiters konserwatiewe groeperings in die Nederlandstalige gemeenskappe van Nederland en België (die bijbelgordel of zwarte kousenband wat gelykgestel kan word aan die sogenaamde boereworsgordyn in Suid-Afrika), maar hulle blyk wel in die minderheid te wees.

Die referaat sal poog om te kyk na kulturele konstruksies van liefdesromans en na die rol van populêre kultuur in die konstruksie van liefde en hoe ons kultureel byna kondisioneer word om op ’n sekere manier te kyk na verhoudings.